

ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: OKTOBER 2018

Geagte HSAG-belegger / Mnr. / Mev. / Mej. [Customer Name]

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG. Die inligting is uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel en as u nie enige van voormelde is nie, moet u hierdie dokument onmiddellik vernietig.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG finale inligting kan bekom.

Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

1. UIT DIE PEN VAN 'N BELEGGER

Die HSAG neem die vrymoedigheid om 'n uittreksel uit die volgende skrywe, (na aanleiding van die radio-onderhoud wat op RSG Geldsake gevoer was) wat die HSAG regsman vanaf 'n belegger ontvang het, te publiseer aangesien soveel HSAG-beleggers dieselfde voel.

“Na aanleiding van sekere kommentaar wat op die [RSG radio] program hierbo genoem gemaak is wil ek glo dat baie beleggers wat deel is van die HSAG klas-aksie redelik mismoenig is.

Almal weet dat die eiendom gekoppel aan Sindikasie 18 ingevolge die prospektus nooit oorgedra is nie en teen 'n winskoop aan Mnr. Georgiou verkoop is terwyl hierdie eiendom 2 maande na die verkope met amper 30% in waarde gestyg het. Hierdie geld het blykbaar in die Accelerate Groep se portefeulje beland. Die woord “bedrog” klink na 'n sterk aantygning maar ek voel dat dit pas by die situasie.

Die vraag wat myns insiens deur elke belegger wat lid is van die HSAG gevra word is noodwendig of dit nog die moeite loon om met die saak voort te gaan veral gegewe die negatiewe kommentaar op Moneyweb. [Gemelde kommentaar is intussen deur Moneyweb verwyder.]

Moontlik kan u met beleggers kommunikeer oor hoe u die aangeleentheid sien en of daar lig aan die einde van die tonnel is voordat besluit om die saak gewonne te gee.”

Die HSAG verstaan dat bogenoemde skrywer (en duisende ander beleggers) gefrustreerd, kwaad en moedeloos voel.

Ons kan u egter die versekering gee dat ons deeglik bewus is van die omvang van hierdie saak en dat ons op 'n daaglikse basis met beleggers praat wat, soos die skrywer ook, “mismoenig” is of word.

Ons wil u bemoedig deur u die versekering te gee dat geen steen onaangeraak gelaat word in die HSAG-lede se kapitaal, rente en kostes vanaf Mnr Georgiou en ander terug te vorder nie. Nieteenstaande geweldige aanslae van die teenkant werp ons regspan alles in die stryd om uiteindelik suksesvol te wees. Hierdie is letterlik die Comrades van hofsake. Danksy die getroue morele ondersteuning en finansiële ondersteuning deur van ons lede, kan die regstryd nog voortgaan. Mnr Georgiou het op elke denkbare wyse, selfs oneties, probeer om die saak te ontspoor. Die laaste keer deur op 'n gewetenlose wyse maandelikse rentes van beleggers te weerhou. Verder moet lede ook onthou dat Rome nie in een dag gebou was nie. Ons lê egter elke dag die boustene daarvan.

Ons wil dit verdermeer beklemtoon dat die HSAG prokureurs geensins betrokke was met die advies wat destyds aan beleggers verleen is ten aansien van hul beleggings in die sogenaamde Highveld Sindikasie maatskappye nie, en is hulle bloot die regsvertegenwoordigers wat namens 'n groep ontevrede beleggers, waarvan u een is, optree en wie deel vorm van altesame R4.6 miljard se beleggings in gemelde maatskappye. Die bedrae is enorm en is die saak beslis nie die gewone tipe wat in ons howe aangehoor word nie.

Die doelstellings van die HSAG word duidelik en breedvoerig uiteengesit op die HSAG se amptelike webblad (www.hsaction.co.za) asook in die nuusbriewe wat die maandelikse state vergesel. Ons nooi u uit om dit noukeurig deur te lees.

Dit is nodig dat ons eerlik en logies oor die feite tot ons beskikking besin: die totale waarde van beleggings gemaak in die gemelde maatskappye beloop in die bedrag van nagenoeg R4.6 miljard. Mnr Nic Georgiou en sy entiteite moes ingevolge dokumentasie dus ongeveer R4.6 miljard vanaf die ongeveer 18 300 beleggers ontvang het sonder dat daar 'n teenwaarde (oordrag van eiendomme) vir hulle gegee is. In die huidige litigasie wat namens die beleggers gevoer word, gebruik mnr Nic Georgiou en sy entiteite kennelik 'n gedeelte van die miljarde wat ontvang was om die beleggers te beveg. Daar word dus teen die beleggers met hulle eie geld gelitigeer.

Ons is ook weldeeglik bewus van die uitdagings wat beleggers in die gesig staar. Ons en die prokureurs word daagliks oorval met oproepe en e-posse en boodskappe van beleggers wat hul posisie aan ons verduidelik. Ons kry selfs oproepe van beleggers wat dreig om selfmoord te pleeg omdat hulle finansiële geruïneer is deur die onsuksesvolle beleggings wat gemaak was.

Sedert Theron & Vennote in 2014 betrokke geraak het met die aangeleentheid, het die omstandighede waaronder die saak gedryf word voortdurend en sonder dat enige iemand dit verwag het, verander. Die HSAG kon byvoorbeeld nooit voorsien of voorkom het dat mnr Nic Georgiou die voormalige Applikante agteraf in die geheim sou skik, om sodoende die klas-aksie te probeer ontspoor nie en dat mnr Nic Georgiou en Orthotouch daarna sou Appelleer tot by die Hoogste Hof van Appèl nie. Die HSAG het ook nie voorsien of voorkom dat twee van die HSAG se vertrouelinge die klas-aksie sou verrai deur vir mnr Nic Georgiou/Orthotouch te gaan werk nie.

Die voortdurende persoonlike aanslae en smeerveldtogte vanaf Mnr Helgard Hancke se HSBF en dreigemente vanaf sekere persone (waarvan die HSAG-beleggers totaal

en al onbewus is) wat ons en ons prokureurs van die HSAG ontvang, maak dit ook nie altyd maklik om die aangeleentheid, soos beplan, te voer nie.

Daar is egter een feit wat sedert 2014 onveranderd gebly het: ons regsplan en die advokatuur se vertroue in die HSAG se saak én in die regsstelsel. Die HSAG was reeds in meer as 19 sake suksesvol teen Georgiou en ander.

Die HS-beleggers het, volgens ons mening, twee opsies:

1. 'n Belegger kan dit wat hy/sy belê het afskryf; of
2. 'n Belegger kan saam met ander beleggers veg vir dit wat hom/haar toekom.

U sal seker met ons saamstem dat opsie 1 nie ondeurdag oorweeg kan word nie! Indien HSAG lede bedank by die HSAG of met Mnr Nic Georgiou of Orthotouch skik, verloor hulle outomaties hul reg om teen Mnr Nic Georgiou, sy familie of sakeryk te eis.

Dit sal sekerlik 'n jammerte wees indien die HSAG sekere partye laat wegkom met 'n totaal van R4.8 miljard van HS-beleggers se hardverdiende geld?

Die prokureurs van die HSAG en die HSAG se advokatuur doen alles in hul vermoë om so spoedig en suksesvol moontlik beleggers se kapitaal te verhaal en kan ons u die versekering gee dat die regsplan se personeel elke dag, en soms nag, alles in die stryd werp ten einde u beskermbare belange te beveilig. Danksy die instel van die HS19 -22 sertifikasie in die Hooggeregshof het verjaring van die HSAG lede se eise daarin gestaak. HS15-18 se aansoeke word vir eers agterweë gehou totdat die tersydestelling van die Art 155 Skema materialiseer of verjaring 'n kwessie raak.

Die sukses van die HSAG hang egter nie net van die HSAG bestuur of prokureurs af nie, maar ook van elke belegger wat deel is van die HSAG.

Die skrywer van die brief hierbo, asook die ander HSAG-lede, kan verseker wees dat die HSAG regsplan u almal se belange op die hart dra.

2. AANSTEL VAN 'N SAAKBESTUURDER – HOOGGEREGSHOF, PRETORIA

Ons bevestig dat die Adjunk Regter-president, Regter AP Ledwaba, van die Hooggeregshof, Pretoria op Vrydag, 19 Oktober 2018, na aanleiding van die HSAG se versoek 'n Saakbestuurder aangewys het om na die aangeleentheid om te sien.

Regter RG Tolmay (wat as die Saakbestuurder aangewys is) is onafhanklik van enige party tot 'n geding en moet onder andere toesien dat partye tot die geding nie die proses onnodig vertraag nie.

Die HSAG is in kontak met die Registrateur van Regter Tolmay ten einde 'n dringende vergadering voor haar en al die belanghebbende partye te belê.

Die HSAG sal beleggers op hoogte hou van verdere verwickelinge rondom die vergadering met die saakbestuurder.

Die aanwysing van die Saakbestuurder is 'n baie positiewe stap wat geneem is!

3. HUIDIGE STAND VAN SAKE: VERSNELDE SERTIFIKASIE VIR HS21-22

Die versnelde sertifikasie aansoek is geensins 'n nuwe pad wat die HSAG volg nie. Dit vorm deel van die oorspronklike HS19-22 Sertifikasie aansoek wat uitgereik was. Ons het navrae van lede ontvang wat wou weet of dit 'n nuwe aksie is en versoek dat daardie lede 'n addisionele heffing betaal. 'n Bespreking van hierdie punt sal by die volgende bestuursvergadering plaasvind.

Die HSAG het in die Nuusbrief van Augustus 2018 vermeld dat die Respondente 5 Hofdae geleentheid gehad het waarin hulle aan die HSAG kennis moes gee indien hulle die Kennisgewing van Mosie, in terme waarvan die HSAG die Hof nader vir 'n Versnelde Sertifiseringsbevel vir HS21 en 22, wou opponeer.

Soos verwag, is Orthotouch en ander partye heeltemal laat met die betekening van hul kennisgewing van opponering en sal die HSAG nou voortgaan om die Aansoek op die ongeopponeerde rol te plaas vir aanhoor.

Die HSAG prokureurs het op 17 Oktober 2018 'n skrywe aan mnr Georgiou se prokureurs gerig waarin hulle versoek word om ingevolge die Hofreëls, hul Opponerende Verklaring te beteken en te liasseer..

Tot op datum hiervan het die HSAG prokureurs nog geen Opponerende Verklarings ontvang nie en sal bogenoemde optrede aan die Saakbestuurder uitgewys word.

Die HSAG regsman beoog om onder andere te vra vir aanwysings met betrekking tot die aanhoor van die Aansoek.

Die Kennisgewing van Mosie, asook die Verklaring ter ondersteuning van die Kennisgewing van Mosie en die skrywe aan die Adjunk-regter President is op die HSAG se webblad by www.hsaction.co.za geplaas en nooi ons u uit om dit deur te lees.

Indien die HSAG suksesvol is met die bogenoemde Aansoek, het mnr Nic Georgiou, sy trust en Zephan geen verskoning om nie die terugkoop-klousule na te kom nie. Ander Howe het reeds soortgelyke gevalle in die guns van HS-beleggers beslis.

HSAG-lede wat in die ander HS-maatskappye belê het, moet egter nie bekommerd wees oor hul eise nie. Hierdie eise is glad nie verlore of in gedrang nie en gaan die HSAG nog steeds voort met stappe ten einde die beleggers se eise af te dwing. U moet egter onthou dat die eisorsaak van HS 15 tot 20 op ander feite en omstandighede, nl. onder andere ook bedrog en wanvoorstellings berus, en is die roete wat met hierdie eise gevolg moet word anders as in die van die HS 21 & 22.

Bogenoemde beleggers se eise is reeds ingestel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek en stuit hierdie Aansoek die verjaring van eise van HSAG lede.

Alhoewel die HSAG van voorneme is om die Art 155-Reëlinskema ("Reëlinskema") tersyde te stel, wou die HSAG nie onnodige koste in verband met die Reëlinskema,

inaggenome die onlangse gebeure, aangaan nie, aangesien Orthotouch in terme van die Reëlinskema in elkgeval verplig is om maandelikse rente aan HS-beleggers te betaal.

Aangesien Orthotouch die Reëlinskema minag deur nie betyds of aan al die HS-lede hul maandelikse rente betaal nie, bestaan daar egter nou geen dringende rede waarom die Reëlinskema in plek gehou moet word nie en sal die HSAG sodanige stappe neem, as wat dit geadviseer mag word, insluitende óf die Reëlinskema tersyde te stel óf 'n likwidasië aansoek, te ondersteun.

4. NIE-BETALING VAN RENTE

Die media het die afgelope paar weke berig oor Orthotouch se voortdurende versuim om rente(s) aan HSAG-beleggers te betaal. Vir diegene wat nie toegang tot die gedrukte media het nie, volg 'n onlangse berig in Rapport:

“Deur Aldie Schoeman: Rapport 21 Oktober 2018. Beleggers in die Hoëveld-sindikasies word nou al glo maande lank nie rente betaal nie. Dit blyk hul “straf” te wees omdat hulle hofsake ondersteun om hul belegging in dié mislukte maatskappye te red.

Orthotouch, die maatskappy wat veronderstel was om die beleggings in die mislukte Hoëveldsindikasies te red, weier nou om selfs die karige rente van 2% aan beleggers te betaal tensy hulle 'n dokument teken wat lui dat hulle nie die regsgedinge steun nie.

Talle beleggers het Rapport hieroor gekontak en gesê hulle het nie hul rente vir Julie, Augustus en September gekry nie.

Trouens, die uitbetaling van rente word nou as 'n “guns” bestempel. Luidens 'n brief aan beleggers sê Nic Georgiou, direkteur van Orthotouch: “Ons het besluit om jul rente van Junie 2018 te betaal as 'n vergunning, maar moedig u aan om die ‘Scheme Support’ vorm (sic) te voltooi en dit so spoedig moontlik aan ons terug te stuur aangesien geen verdere rentebetaling sal plaasvind sonder die voltooide vorm nie.”

Beleggers sê egter hulle wil nie hul “regte weg- teken” nie. Hulle steun die pogings van die Highveld Syndication Action Group (HSAG) om 'n groepsgeding te begin om hul geld terug te kry, asook adv. Louis Bolt, wat 'n aansoek gebring het om Zephan te laat likwideer. Zephan is, nes Orthotouch, een van die eiendomsmagnaat Georgiou se maatskappye. “Hulle (Orthotouch) het keer op keer bewys dat hulle nie by ooreenkomste hou nie,” sê Vera van der Westhuizen, 'n belegger.

Orthotouch het byvoorbeeld in Junie 2016 aangebied om 50% van beleggers se oorspronklike kapitaal aan hulle terug te betaal in ruil daarvoor dat hulle nie die regsgedinge steun nie.

Sowat 800 beleggers het die aanbod aanvaar, maar die ooreenkomste is nooit onderteken nie en hulle het nooit hul geld gekry nie. Jacques Theron, regsvertegenwoordiger van die HSAG, sê hulle wag nou om te kyk wat gebeur in die likwidasië-aansoek van Zephan, wat in November aangehoor word.

Orthotouch het nie op versoeke vir kommentaar gereageer nie.”

Die HSAG se posisie ten opsigte van die nie-betaling van rente(s) bly onveranderd.

Die HSAG se advokatuur het geadviseer dat HSAG-beleggers onder geen omstandighede enige vorm van Orthotouch of die HSBF moet invul nie aangesien dit beleggers se regte kan benadeel.

Indien u nie u rente ontvang nie, kan u gerus 'n e-pos stuur na hsagwhistle@gmail.com waarin u volle name, van identiteitsnommer en die sindikasies waarin u belê het vermeld.

5. HSBF SKRYWE EN PERSOONLIKE OPROEPE DEUR HANCKE

Dit het onder die HSAG-bestuur se aandag gekom dat die HSBF weereens 'n skrywe aan HS-beleggers en Finansiële Adviseurs gestuur het ten einde die HSAG-beleggers te probeer ontmoedig om die litigasie proses teen Orthotouch en ander partye, voort te sit.

Die HSAG het al in verskeie Nuusbriewe die posisie van die HSAG uiteengesit en verduidelik en nooi ons u vriendelik uit om die Nuusbriewe en Kennisgewings wat op ons webblad, by www.hsaction.co.za verskyn, te gaan lees.

In die nuutste skrywe vermeld die HSBF dat: ***“Die tyd het nou aangebreek vir beleggers om 'n keuse te maak tussen of alles te verloor of nou standpunt in te neem teen Theron en sy HSAG wat u beleggings en rente inkomste bedreig.”***

Die HSBF voer ook ondermeer aan dat: “Steun vir die artikel 155 reëlinskema is tans die enigste werkbare oplossing waardeur rente betaal word en u beleggings te sekureer.”

In die Augustus 2018 Nuusbriewe het die HSAG aan beleggers verduidelik dat daar op 26 November 2014, op 'n ex parte (eensydige) basis sonder kennis aan belanghebbende partye, 'n Hofbevel deur Georgiou se Orthotouch bekom was wat die sanksionering van 'n Art 155 Reëlinskema (“Reëlinskema”) deur die Noord-Gauteng Hooggeregshof, Johannesburg gemagtig het.

In terme van die Reëlinskema (wat tans nog geldig en afdwingbaar is) was eise van die handelskrediteure van Orthotouch en die HS Maatskappye asook die eise van HS Beleggers, wat die HS Beleggers se eise in verband met rente insluit, geherstruktureer.

U as belegger het in terme van die Reëlinskema die geleentheid gehad om sekere keuses te maak aangaande die terugbetaling van u historiese beleggings in die HS Maatskappye, gebaseer op sekere Alternatiewe keuses / Opsies.

Die realiteite van die saak (waarvan die feite voor die hand liggend is) is dat daar nog nie aan een van die Alternatiewe (of ander beloftes/ondernemings wat deur Orthotouch en ander partye gemaak is) nagekom is of ten volle nagekom is nie.

Orthotouch betaal nie eers die maandelikse rente aan HS-beleggers wat hulle veronderstel is om te doen in terme van die drie Alternatiewe nie.

Hoe kan die HSBF dus van HS-beleggers verwag om die Art 155-Reëlinskema (wat tans in plek en reeds deur 'n Hof gesanksioneer is) in plek te hou en te ondersteun as dit nie eers nou deur Orthotouch eerbiedig word nie?

Hoe kan die HSBF die litigasieproses van die HSAG blameer vir Orthotouch se versuim om nie die Art 155-Reëlinskema (wat deur Orthotouch self in werking gestel het) na te kom nie?

Die HSAG wil dit weereens baie duidelik stel dat die litigasieproses nie die oorsaak van die nie-nakoming van die Art 155-Reëlinskema sal of kan wees, nog minder sal die litigasieproses van die HSAG die HS-beleggers se kapitaal en rentes bedreig. Orthotouch se direksie het deur hul prokureurs (in teenstelling met Hancke en die vals briewe wat op Orthotouch se briefhoof uitgaan) dit onomwonde gestel dat Orthotouch rentes wil betaal, maar nie dit kan betaal indien Zephan (Mnr Georgiou se maatskappy) dit nie betaal nie. Tans is daar 'n likwidasië aansoek teen Zephan hangend en blyk dit duidelik dat Zephan nie kan betaal nie, en om geen ander rede nie.

HS-beleggers het 'n totaal van R4.6 miljard belê in die mislukte HS15-22 maatskappye, daar is eiendomme wat huidig nog verhuur word en ook eiendomme wat sedertdien verkoop is. Wat het van al die HS-beleggers se geld geword?

Die HSBF is baie vinnig om te vra wat die gevolge sal wees indien die HSAG daarin sal slaag om die Art 155-Reëlinskema tersyde te stel, maar het u al gedink wat die gevolge sal wees indien die HSBF suksesvol sou wees in hul desperate poging om die Art 155-Reëlinskema in plek te hou? Blykbaar is Mnr Nic Georgiou en Hancke nou só desperaat, dat Georgiou self briewe skryf om HSAG lede te probeer oortuig dat sy ondernemings om die kontrakte te honoreer in die wiewe gery was weens buitensporige kommissies wat hy kwansuis moes betaal. Dit word bevestig deur Mnr Georgiou gemelde brief self geskryf het, maar indien wél, is hy 'n blatante leuenaar.

Mnr Hancke bel nou ook al HSAG lede persoonlik uit desperaatheid. Wie befonds die HSBF, indien Mnr Hancke die enigste lid daarvan is? Die onteenseglike vraag word gevra: "Is die HSBF nie maar net dieselfde smeerlap wat Bell Pottinger vir die Guptas was om deur misinformasie en fopnuus onstabieleite in die HSAG te probeer veroorsaak nie?" Behalwe om 'n smeerveldtog teen die HSAG, sy bestuur en prokureurs te voer, het Hancke en die HSBF slegs een ander doel voor oë, naamlik dat HSAG lede hul eise teen Mnr Georgiou en ander ten gunste van 'n selferkende bankrot Orthotouch afteken.

Indien die Art 155-Reëlinskema in plek gehou word, ontstaan die volgende vrae:

- Orthotouch kan nie eens nou sy huidige verpligtinge teenoor die 18 300 beleggers nakom nie, hoe gaan Orthotouch binne 6 jaar (in 2024) al die HS-beleggers se kapitaal in terme van Alternatief 1 terugbetaal?
- Wanneer gaan die betalings wat HS-beleggers in terme van Alternatief 2 al reeds moes ontvang het realiseer en betaal word?
- Wanneer gaan die regte, titel en belang in en tot die HS-beleggers, wat Alternatief 3 gekies het, se eise teen die Orthotouch en die HS Maatskappye, hul ("noteringsregte"), ten opsigte van die waardes van hul eise teen die finale datum, omskep word in aandele?
- Wanneer gaan die agterstallige rentes aan HS-beleggers betaal word en watter sekuriteit het HS-beleggers dat Orthotouch nie weer rentes sal herstruktureer of weerhou nie?
- Indien die Art 155-Reëlinskema in plek gehou word, op watter stadium gaan die belanghebbende partye wat die nagenoeg R4.6 miljard van beleggers ontvang het, aan die HS-beleggers verduidelik waarheen daardie fondse is?
- Indien die Art 155-Reëlinskema in plek gehou word, op watter stadium gaan die belanghebbende partye wat die nagenoeg R4.6 miljard van beleggers ontvang het, aan die HS-beleggers verduidelik waar die gebou is wat veronderstel was om gekoop te word?

HSAG-beleggers moet asseblief die HSBF se omsendskrywes en versoek ignoreer aangesien dit nie die belange van die HS-beleggers bevorder nie.

6. LAAT- AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Laat-aansoeke sal op 'n streng ad hoc basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na hsagregister@gmail.com stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet gestuur word aan hsagregister@gmail.com.

7. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP

Die HSAG-bestuur het gemerk dat daar 'n aansienlike hoeveelheid HSAG-lede is wat nog nie hul registrasiekoste sedert 2014 betaal het / ten volle betaal het nie.

Dit is baie belangrik dat elke lid sy/haar kant moet bring ten einde die HSAG se saak te dryf.

Die HSAG-bestuur het tydens 'n vorige vergadering besluit, welke besluit verwelkom was deur baie van die opbetaalde HSAG-lede, dat HSAG-lede wie nie hul 2014 / 2015 registrasiekoste voor of op 31 Desember 2018 op datum bring nie, se lidmaatskap aan die HSAG ongelukkig onmiddellik opgeskort sal word.

Die gevolge van 'n HSAG-lid se lidmaatskap wat beëindig of opgeskort word is verreikend, en kan ondermeer beteken dat die HSAG-belegger se eis teen Orthotouch/Georgiou verjaar het. In die huidige bedeling van die klas-aksie aansoek kan dit ook beteken dat u nie weer sal deel vorm van die HSAG klas-aksie nie.

Van hierdie lede was en kan waarskynlik gedurende die volgende paar weke telefonies, elektronies of andersins gekontak word ten einde hierdie kwessie aan te spreek, maar rus die verantwoordelikheid steeds algeheel op die lid om toe te sien dat sy/haar registrasie en gelde op datum is.

Ons moedig u dus aan om so spoedig as moontlik u registrasiekoste op datum te bring én ons van sodanige bewys te voorsien ten einde die beëindig van u lidmaatskap te voorkom.

8. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.)) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- hsagenquiries@gmail.com vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- hsagregister@gmail.com vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagestates@gmail.com vir alle Boedel navrae.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.

Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

9. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na hsactiongroup@gmail.com waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig, ge-“like” en kommentaar op gelewer word.

10. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes, waarvan sommige só lank gelede as 2014 reeds uitstaande is, so spoedig moontlik op datum gebring moet word. Bykans vier jaar sedert die totstandkoming van die HSAG is dit uiters onbillik teenoor getroue lede van die HSAG dat persone wie regsverteenvoordinging verlang in 'n saak waar die gemiddelde eisbedrag R250 000.00 is, nie bereid of gewillig is om die nominale bydrae vir registrasie en/of regskostes te betaal nie.

Let asseblief op die volgende:

- i. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 **per sindikasie** was gehef tot Oktober 2015 en daarna is dit verhoog na R1 500 **per sindikasie** en behoort so op u staat te verskyn
- ii. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 **per sindikasie**;
- iii. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 **per persoon** gemaak;
- iv. In Februarie 2018/Maart 2018 was 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van R2 000 **per persoon** gemaak;
- v. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;
- vi. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, mag daar 'n verdere heffing vir

- registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehêf word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig;
- vii. Van die einde van Februarie 2018 word persone wie se bydraes op datum betaal is met 'n totale eiswaarde wat R50 000,00 of minder tesame met 'n skriftelike versoek aan Theron & Vennote, kwytgeskeld van die 2018 administratiewe- en regs-kostes.
 - viii. Kwytskelding **is nie van toepassing nie** op vorige jare se registrasie / administrasie / regs-kostes en agterstallige fooie nie en is steeds betaalbaar.
 - ix. **Geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.**

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regs-span wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n vêr pad gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. In die lig van die feit dat die HSAG nou voortgaan met die sertifisering van 'n klas-aksie en die proses wat nou gevolg gaan word ten einde die Art 155-Reëlinskema tersyde te stel, versoek ons dat al die HSAG-lede hul kant te bring ten einde die aangeleenthede suksesvol af te handel. Almal se samewerking word vereis.

11. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Die HSAG en hul prokureurs, Theron & Vennote, wil u graag bedank vir u volgehoue en lojale ondersteuning aan die HSAG. Die HSAG-saak behoort aan elke individuele belegger, daarom wil ons u versoek om u eie saak te ondersteun ten einde die nagenoeg R4.6 miljard van Orthotouch en andere te eis.

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG, let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
- ii. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com
- iii. Die HSAG-beleggers se inligting wat gebruik word was aanvanklik verkry vanaf die aansoekvorms wat HSAG-lede ingevul het. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
- iv. Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede deur in te skakel of om 'n e-pos te stuur na hsagregister@gmail.com
- v. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings

en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat.

- vi. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regekosies en u betalings kan sien, geoutomatiseerde state word van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: OCTOBER 2018

Dear HSAG Investor / Mr / Mrs / Ms [Customer Name]

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group ("HSAG") on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG. This information is exclusively meant for the addressee and if you are not any of the aforementioned, you must destroy this document immediately.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information although emails are also sent out from time to time.

Please keep us up to date with any changes to your personal and/or contact details.

1. FROM THE PEN OF AN INVESTOR

The HSAG would like to take the liberty of publishing an extract from the following letter which the HSAG legal team received from an investor (in reaction to the radio interview broadcast on RSG Geld Sake), as many HSAG investors may relate to it.

"Due to some comments made on the [RSG radio] program mentioned above, I would believe that many investors who are part of the HSAG class action are also discouraged.

Everyone is aware that the properties linked to Syndication 18 in terms of the prospectus have never been transferred and were sold to Mr Georgiou at a bargain, while these properties increased by almost 30% in value, only 2 months after the sale. This money apparently ended in the Accelerate Group's portfolio. The word "fraud" sounds harsh, but I feel that it is appropriate in this case.

